

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-10Teks: **1 Johannes 1:5**Sing- **Ps. 89:8; Ps. 119:55; Sb.33:3 (2-4:3)****1 Johannes 1:1-10**

1Jn 1:1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe—

1Jn 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—

1Jn 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

1Jn 1:4 En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.

1Jn 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.**

1Jn 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

1Jn 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

1Jn 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

1Jn 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1Jn 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-10Teks: **1 Johannes 1:5**Sing- **Ps. 89:8; Ps. 119:55; Sb.33:3 (2-4:3)**

Hoe kyk God na die wêreld? Ons het nou vanoggend reeds begin deur te vra hoe God gevind kan word. God wat Hom in gemeenskap met Homself plaas deur Jesus Christus sy eie Seun as God maar ten volle ook as mens na hierdie aarde te laat kom om die volle gemeenskap moontlik te maak.

Nou het ons in die vorige preke uit hierdie brief reeds ons besondere verhouding, daardie gemeenskap wat daar met God deur Christus moontlik is aangehaal. Ons wil met hierdie nabetrugting dáárby leef, In elke opsig wil God ons deur sy Woord lei en help dat ons nie moet verdwaal nie. Dit sal u dan weer in die lewe daarbuite na vandag besef dat ons eintlik twee dinge kan doen. Die Nagmaal was 'n belewenis, 'n belewenis in Christus, soos wat ons voor Nagmaal deurlopend iets van die besondere lewenskuns wou aantoon wat daar in Christus moontlik is. Nou kom ons daarby uit deur vir mekaar te sê om goed te begin is half gewin. Om by die regte begin te begin, is om die gemeenskap wat daar vir ons met God kan wees as baie kosbaar te beskou. Ek moet so wakker wees en altyddeur daarop bedag wees dat

die wêreld waarin ons lewe, ja 1 Joh. 5:19 weereens- *ons weet dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê...* hierdie wêreld dra 'n donkerte daarmee saam.

Altyd is daar dié dinge wat jou verhouding met God wil saboteer, wat jou van jou vreugde en blydschap, dit wat ons nou verskillende male wou bereik, om jou van daardie blydschap wat volkome kan wees te beroof. Al is ons wedergebore, al is ons die mense wat kan praat van die ewige lewe, ons is nie gevrywaar van dit wat ons in die wêreld aantref en wat ons ook kan tref nie.

Daarom dat hierdie eerste hoofstuk van Johannes wat alles maar nog deel van die begin van sy brief is, jou daarop bedag wil maak dat ons godsdienstige wêreld, ons uitkyk op die wêreld moet wees 'n radikale onderskeid tussen lig en duisternis. Dit is absoluut kontrasterend. Die bose het 'n wêreld van sy eie, daar is 'n hele bestaan en uitwerking wat vanuit die bose uitgaan, alles in hierdie wêreld wil God sy eer beroof, wil jou lewe sleg en somber maak, dit wil jou lewe verduister soos die duisternis waarin die bose reeds is.

Johannes as ouman wat met volkome vreugde die dinge aan ons wil skrywe maak 'n ander wêreld oop. Hy wil jou daarop wys dat om nuut gebore te wees, jy word deel van 'n nuwe gesin, jy behoort waarlik aan God, God wil jou sy wêreld wys. God wil vir jou in sy wêreld inbring. Om hier in te kom, moet ons by niemand anders uitkom as by God Self nie. Wie goed begin het half gewin. Begin by God en laat die wêreld van lig jou pad vêrder oopmaak.

Is dit nie wat vers 5 ons by wil uitbring nie. By God in sy lig wat geen duisternis verdra nie en die duisternis kan voor die lig van God nie bestaan nie. *God is Lig en geen duisternis is in Hom nie....* Dit is die begin wat Johannes maak, trouens dit wat Genesis mee begin is dat God gesê het dat daar lig moet wees en daar was lig. God het gesien dat die lig goed was en dat daar skeiding gemaak word tussen die lig en die duisternis. Dit op dag en nag toegepas, maar die toepassing eindig nie in die donkerte van 'n gewoon wêreldse nag waarbinne ons rustig kan slaap nie, dit gaan in Johannes om die duisternis wat die Satan ons mee wil verduister.

So stel Johannes dit, ons eerste gedagte aan God moet altyd wees, Hy is die Lig en geen duisternis is in Hom nie. Dalk sou baie mense sê maar Johannes waarom begin jy deur te stel God is lig, is dit nie beter om te begin deur te wys op God se liefde nie. Broeder en suster, ons moet dit goed raaksien, die lig waarmee Johannes wil hê ons mee moet begin is in alle

geval so noodsaaklik voordat ons werklik God se liefde reg sal verstaan. Al is Johannes by uitnemendheid die apostel wat God se liefde verkondig, ja so word Johannes die apostel van die liefde genoem, Paulus die apostel van geloof, Petrus die apostel van hoop, tog is Johannes in sy brief eerste besig om God as lig te verkondig. Nog voor Hy enigiets anders oor God wil sê. Dit laat ons besef Johannes wat God is lig in elke opsig vooropstel wil eintlik God se heiligheid hierdeur beklemtoon. In alles wat daar oor God gedink word, gesê word, in hoe ons by God kan uitkom moet ons God se heiligheid die groot begin van alles maak. Ek kan God se liefde, ja die feit dat daar selfs gesê kan word- GOD IS LIEFDE... ek sal daardie liefde nie reg kan verstaan as dit nie was dat ek eerste goed moet verstaan dat God is lig, voor ek sal kan verstaan- God is liefde.

So maklik maak mense van hierdie liefde iets wat dit nie moet wees nie. Liefde word eintlik God i.p.v. om te besef God is liefde en nie liefde is God nie. Al manier hoe ons van hierdie afgodery van liefde verlos kan word, is om God in sy glansryke mag en heerlijkheid, die feit dat God vlekkeloos en onbeskryflik groot is, ja God se heiligheid gaan sy liefde vooraf. Daarom dat Johannes eers van lig praat, Hy praat eers van God se heiligheid voor hy op enige wyse van God se liefde praat.

As ons van hier uitgaan dan moet God se heiligheid ons vertrekpunt wees. Ons besef dat wat Jesus Christus vir ons gedoen het begin nie by God se liefde nie, maar by die feit dat God lig is, dit begin by God se heiligheid. Hierin besef ons dat soos ons vandag Nagmaal gevier het, die gebreekte liggaam, die bloed wat vergiet is, is verskriklik gewees, maar dit bevestig aan ons hoe heilig God is. Daar sou geen vergewing kon wees as daar nie eers aan die onverbiddelike eis van God se geregtigheid voldoen kon word nie.

Johannes wil ons God se heiligheid baie duidelik laat sien. Hy stel dit baie sterk dat as ons sê dat ons *met God gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie*. Daar moet altyd heilige eerbied, heilige ontsag vir God wees, daar is geen duisternis in God nie. Die duisternis van ons afvalligheid, louheid, ligsinnigheid, oppervlakkigheid, niks van die dinge moet by ons wees nie, want God wil dit beslis nie by Hom hê nie. As jy met God gemeenskap wil hê, as jy waarlik in die lig wil wees, soos wat God dit bekendmaak, dan is ons gemeenskap met mekaar reeds in die lig gestel. Dan is jou lewe 'n heilige lewe wat in lewe en wandel suiwer in die lig gestel kan word. Dit laat ons dan so bietjie vooruit gryp na 1 Joh. 3:9 en hoor hoe sterk stel hy dit later in sy brief- 9

Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

Om uit God gebore te word, wat weer die groot tema van hierdie brief onderstreep- *ons weet dat ons uit God is...* m.a.w. dit gaan om in God se wêreld van lig in te kom, dan is dit dieselfde Johannes wat Nikodemus se gesprek met Jesus daardie een nag nooit sal kan vergeet nie. Al is hy nou oud, Johannes het dit neergeskryf wat Jesus vir Nikodemus gesê het- *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.* God se wêreld word beskryf as God se koninkryk. Daar is net een manier om daarin te kom en dit word deur God bepaal. Deur jou die wedergeboorte te skenk, want wie uitverkore is, sal wedergebore word. So kom Nagmaal by nabetrugting uit. Om Nagmaal in Christus te vier moet daar 'n uitverkiesing wees, om ná hierdie Nagmaal 'n Christus te lewe moet daar 'n wedergeboorte wees.

Johannes weet sy lewe lank dat sonde is die vreter in ons lewe. Hy vreet op dit wat God ons mee wil blymaak, dit wat ons blywende blydschap moet wees, ons blydschap wat volkome kan wees. Daarom dat hy in hfst. 2 dit sy eintlike vertrekpunt maak. 1 Joh. 2:1 dan staan daar- *My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie...*

Sonde kan jou in die duisternis plaas, dit laat jou buite God se wêreld, sy koninkryk optree, daar is geen lig en vreugde in sonde nie, al mag dit hoe lekker en aantreklik lyk. Ons het verlede week gehoor hoe die Here vir Kain gewaarsku het- die sonde wil jou inwag, dit lê en loer op jou, dit wil jou vang dat jy sy gevangene kan wees. As die sonde jou eers het, vra maar vir Dawid in Psalm 51 waar hy voel daar geen vreugde meer is nie, hy moet die gemeenskap met God mis oor sy sonde, want God wil met sonde niks te doen hê nie, behalwe deur die straf wat die sonde verdien. Breek met die sonde, dit is wat moet gebeur. Selfs daardie gewoontes van my wat ek beslis nie kan goedpraat nie. Mense kan baie keer slegte dinge wil goedpraat. Deur nie die tweede erediens by te woon nie, deur nie getrou te wees in jou dankbaarheidslewe nie, deur jou verantwoordelikheid in jou gesin en jou huwelik nie na te kom nie, deur op allerhande maniere jouself te verskoon in die dinge wat ek weet ek is skuldig.

Kortom al die dinge wat in die duisternis lê, dinge wat God buite sy wêreld plaas, dinge buite die koninkryk, al die dinge wat nie pas in die lewe van 'n wedergebore kind van God nie. As

u wedergebore is, dan het jy die lig kon inbeweeg... God is lig en geen duisternis is in Hom nie. Dit is dalk baie nodig dat ons die groot vrae wat eintlik in alle omstandighede gevra moet word maar ook weer in jou en my lewe vra- Waar staan ek op die stadium in my lewe? In die lig of daar waar die lig nie is nie. Wie is ek? 'n Wedergebore kind van God, deel van wat God met my wil doen, om in sy lig te wandel. Wat is verkeerd in my lewe...? Ek kan nie sê dat ek in die lig is, dat ek met God gemeenskap onderhou en dan in die duisternis wandel nie. So 'n mens lieg vir homself... Hierin is reeds 'n oplossing. Die vraag is of ek deel van die oplossing of deel van die probleem wil wees. Iemand wat homself bo ander stel en nie sy eie sonde raaksien nie, het deel van 'n probleem geword en is nie deel van die oplossing nie. Die laaste vraag is wanneer ek deel van God se oplossing is, deel van dié wat verlos is, dan moet ek naby God leef, ek sal wil inkom in wat dit waarlik beteken om wedergebore te wees. Dit moet ons volgende keer nader bring. Onthou goed begin is half gewin. Begin in die lig te lewe. Eers God se heiligheid dan God se liefde.

AMEN